8 Mei 2022

PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

1972 - 2022

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Spesiale welkom aan elke Mamma & Moederfiguur by vanoggend se Erediens.

(Wanneer sy praat, dan praat sy met wysheid, sy leer vir haar mense om vriendelik te wees. Spr 31:26 ABA)

Baie welkom indien jy vanoggend 'n nuwe intrekker, lidmaat of besoeker by Hoogland is!
Mag Hoogland u geestelike tuiste word.

Met leedwese ...

...word daar kennis gemeen van die skielike afsterwe van Albert Verster die afgelope week. Hoogland bid in besonder aan Ronél en die seuns in hierdie tyd. Albert se gedenkdiens sal Vrydag, 13 Mei om 11:00 vanuit Hoogland wees.

Program vir die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel
10:00 Geloofsvormingsgroepe in onderskeie lokale

(10% van Sondag se dankoffers word gegee vir Sin. Vrouebediening)

Program vir die week

Dinsdag: 10 Mei
14:00 Vrouebybelstudie

Woensdag: 11 Mei
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 12 Mei
10:30 Woord Werkgroep

Vrydag: 13 Mei
05:30 Mannebediening in die Grot

Saterdag: 14 Mei
(LET ASSEBLIEF OP DIE NUWE DATUM)
10:00 Dorings & Daisies

Hoogland Dankoffers

Baie dankie vir goeie rentmeesterskap met die getroue gee van dankoffers.

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Aanlyn

079 815 9325 | facebook.com/pehoogland | #hooglandpe | YouTube PE Hoogland

Kerkraadsvergadering

Die volgende Kerkraadsvergadering vind Maandag, 16 Mei om 19:00 plaas. U voorbidding word asseblief daarvoor gevra



Hoogland T-Hempe

Die bestellings vir die Hoogland T-hemde is verleng tot en met Maandag, 16 Mei.

GEEL Bestelvorms vir huidige "*batch*" MOET TEEN 16 Mei by Gemeentedienste of by Annalize in die kerkkantoor ingegee word.

Pryse - Volwasse hemde @ R125 / Kinder hempies @ R100

Hoogland Jubeljaar: #29

GELUKKIGE MOEDERSDAG!

Dade van omgee

Neem hierdie omgee-kaartjie saam met jou hierdie week. Wees sensitief en op die uitkyk vir waar die Here 'n ma / ouma oor jou pad stuur vir wie jy hierdie kaartjie kan gee. Wie weet: net dalk stuur God daardie een ma / ouma oor jou pad wat nodig het om gewaardeer te word.

VAKANTE POS – FASILITEITSBESTUURDER (voorheen Koster)

LW: Hierdie is 'n 5/8 fleksietyd pos

Hoogland wag graag aansoeke in om die volgende vakante pos te vul:

Verkorte posbeskrywing:

Die pos behels, kortliks, die volgende:

- Onderhoudswerk, insluitend die fasilitering daarvan (geboue, tuine, toerusting en ander kerkeiendom);
- Beplanning en organisering van kort- medium- en langtermyn take en projekte;
- Toesighouding oor alle relevante werk en personeel;
- Voorbereiding van lokale vir gebruik soos per gemeenteprogram;
- Aankoop van voorrade.

(Volledige posbeskrywing is verkrygbaar op aanvraag)

Die volgende dien as vereistes:

- Matrieksertifikaat
- NG Kerk lidmaatskap
- Basiese rekenaarvaardigheid
- Rybewys en eie vervoer.

Profiel: Manlik of vroulik

Diensaanvaarding: 1 Junie 2022 of soos ooreengekom.
Sluitingsdatum vir aansoeke: 17 Mei 2022 om 12:00
Volledige CV kan gestuur word na : info@pehoogland.co.za
Navrae: Saretta Dawson – 0413671485 (08:00 -13:00)

Die kerkraad behou die reg voor om nie ‘n aanstelling te maak nie.

Uit die Hart

Die aanbiddingslied: "Heart of worship" (geskryf deur Matt Redman) se ontstaan het my aangegryp in die voorbereiding vir komende Sondag se erediens.

Die lied het sy ontstaan te danke aan die leraar van die gemeente waar Matt Redman is en die hele gemeente laat vas het van sang, totdat almal geleer het om die Here ook op ander maniere te aanbid en loof. Toe die "liedere-vas" verby was, is die gemeente gelei met die sing van hierdie lied waarvan die refrein die volgende is:

I'm coming back to the heart of worship and it's all about You. It's all about You, Jesus.

In Openbaring 4 en 5 kom ons saam met Johannes in die troonsaal van God in. Die lewende wesens, die engele en die ouderlinge buig in aanbidding voor die Here God, die Almagtige, en Jesus Christus, die Lam.

Aanbidding doen 'n paar goed. Sonder dat een belangriker is as die ander, is aanbidding 'n fokus op wie God is. En dit is belangrik. Aanbidding gaan nie oor wie ek is of voel nie, maar, soos die lied hierbo sing: "*It's all about You…*" Volgende het aanbidding te doen met ons reaksie op wie God Drie-Enig as Vader, Seun en Gees is. Ons reaksie op wie God is, is heel dikwels verwoord en getoonset in liedere wat ook gebeur in die hemelse erediens, maar is nie daartoe beperk nie. My hele lewe reageer ook op wie God is: om in en met liefde te leef, is 'n reaksie op God se liefde vir ons; my gehoorsaamheid aan God se Woord, kom uit dankbaarheid vir Jesus se offer; my rentmeesterskap ten opsigte van tyd, geld, gawes en ook die skepping is 'n reaksie in aanbidding met dit wat God aan my toevertrou.

Mag ek dan 'n lewe van aanbidding leef: ***"It's all about You…Jesus"***

Ds Pieter